Verwysing: 20200206-4171
Lêernommer: 12/2/8/13/Horizon 2020 Mathematics Competition for Grades 5-7
Navrae: AJ Lamprecht

Kurrikulum AOO-minuut: DCG 0002/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, AOO-koördineerders, Vakadviseurs vir die Intermediêre Fase, Vakadviseurs vir die Senior Fase en Prinsipale van alle gewone openbare en onafhanklike skole

Onderwerp: Wes-Kaap Onderwysdepartement/Horizon 2020 se Wiskunde-kompetisie vir graad 5-7

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), in vennootskap met Horizon Educational Trust, ondersteun die deelname van WKOD-skole aan die Wiskunde-kompetisie. Vanjaar se doelwit is om meer as 70 000 leerders te bereik om te deel in die vreugde om Wiskunde te leer.

2. Die eerste ronde sal tussen 02 en 13 Maart 2020 geskryf word op 'n dag wat die skool die beste sal pas. Registrasie vir die eerste ronde is oop vanaf 10 tot 28 Februarie 2020. Horizon sal die registrasieproses bestuur. Deelname aan die eerste ronde is gratis.

3. Registreer asseblief vir die eerste ronde by https://forms.gle/5TDocM4ub9rzR7W28

4. Die eerste ronde se vraestel bestaan uit 20 veelvuldige keusevrae en moet binne 60 minute voltooi word.

5. Die vraestelle, antwoordblaaie, oplossings en instruksies, asook die tweede ronde se inskrywingsvorms, sal deur die distrikskantore aan alle skole gestuur word.

6. Vraestelle sal in beide Afrikaans en Engels beskikbaar wees.

7. Om die maksimum aantal leerders aan Wiskunde-kompetisies bloot te stel, kan elke skool 10% van hul leerders inskryf.

8. Onderwysers sal die eerste ronde se vraestelle nasien. Die WKOD beveel aan dat onderwysers die oplossings tydens die nasien van die vraestelle bespreek. Dit gee aan leerders die geleentheid om verskillende berekeningstrategieë te ondersoek.

9. Die tweede ronde sal op Saterdag, 09 Mei 2020 by verskeie lokale plaasvind wat deur vakadviseurs aangekondig sal word.

10. Leerders wat 50% en meer in die eerste ronde behaal, kwalifiseer vir die tweede ronde.

11. Die tweede ronde se vraestelle sal deur die plaaslike Horizon Wiskunde-komitee nagesien word.

12. Die datum en lokaal vir die toekenningsgeleentheid sal by die tweede ronde se kompetisie aangekondig word.

13. Die WKOD beveel sterk aan dat leerders die geleentheid gegee word om deur vorige vraestelle te werk om hulle basiese probleemoplossingvaardighede te ontwikkel voor hulle aan die kompetisie deelneem. Voorbeelde van probleem oplossing vrae en oplossings kan afgelaai word by http://www.amesa.org.za/Challenge/Wiskunde.html

14. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle Wiskunde-onderwysers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-02-12